

16 September

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12
Fokusgedeelte: Matteus 5:12

Goeie soldate met 'n heerlike beloning

Jesus Christus sit op 'n berg en begin 'n lys opnoem van hoe geseënde mense lyk. As mens deur hierdie lys van gesindhede lees, kan mens maklik 'n paar gesindhede raaksien wat ook by jousef pas. Ongelukkig is hierdie nie 'n toets waarvoor jy net 50% moet kry om deur te kom nie. Die lewe van 'n Christen is nie 'n toets wat jy maar net naelskraap kan deurkom en dan dink jy het genoeg gedoen nie. Jesus Christus stel 'n lys op van die gesindhede wat sy dissipels kenmerk.

Hierdie lys kan gesien word as 'n soldaat se lys van die toerusting wat hy moet inpak. Die wêreld is 'n slagveld waar Christene die koninkryk van God moet uitbrei. Ons as soldate van Christus sal mees effektief wees as ons al ons toerusting saam met ons slagveld toe neem. Daarom moet ons hierdie lys van gesindhede deel van ons lewe maak en seker maak dat ons op die lys af ons gesindhede vir elke dag reg inpak.

Gelukkig gee ons Here nie net vir ons die lys en jaag ons slagveld toe nie. Christus belowe seën vir die mense wat hierdie toerusting inpak. Christus belowe geluk vir die mense wat goeie soldate is. Ons geluk lê nie in materiële goed nie, maar om Hom ten volle te dien. Christus gee ons ook die groot belofte in vers 12 waar Hy sê dat ons loon in die hemel al klaar groot is. Ons gaan eendag die allerbeste beloning kry. Dit is 'n beloning wat ons nie verdien nie, maar wat uit God se genade vir ons gegee is. Hierdie beloning is dat ons saam met Christus ons Here in die hemel gaan wees.

Ons is al klaar verseker van ons beloning in die hemel, daarom kan ons met vreugde die regte gesindhede inpak en ons Here se koninkryk gaan uitbrei.

Skrifberyming 11-3(16):1, 10

Teologiese Student Zander van't Zand